



MAANDELIKSE VERGADERING

Maandag, 26 Junie 2017; 09h00 vir 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

SKALIEGAS & DIE KAROO

Daan Toerien

Dr Daan Toerien beskryf die formele Strategiese Omgewingsassessering van moontlike skaliegas ontginning in die Karoo wat onder leiding van die WNNR gedoen is. Die toerisme gedeelte van die assessering word as voorbeeld gebruik.

Gaste en nie-lede is welkom; toegang is gratis.

DIT EN DAT ...

Mei Maandelikse Praatjie.

Derick Swart se praatjie oor volstruis en kleinvee boerdery was geweldig interessant en ook leersaam. Sy besprekings oor die navorsing wat gedoen word om produksie te verhoog onder omgewings omstandighede wat toenemend uiters en fel is, laat mens beseft dat boere moet aanpas by gevorderde wetenskaplike landbou metodes om in vandag se wereld te kan oorleef.

Die Slegte Nuus is ...

Stefan Pretorius keer terug na Kaapstad vir persoonlike redes en het bedank uit die Komitee. Net meer as twee jaar gelede het Stefan die konsep van U3A in Stilbaai voorgestel; sonder sy dryfkrag en entoesiasme sou ons nooit van die grond afgeklim het nie, ons skuld hom 'n groot dank dat hy U3A Stilbaai begin het en ontwikkel het tot die sterk organisasie wat ons vandag is. Ons wens Stefan alle voorspoed, en hoop om hom terug te sien van tyd tot tyd. Ons kan net byvoeg dat ons verlies is U3A Kaapstad se wins, Stefan sal op hul komitee dien.

Jagersbosch Fonds.

Die Mei maandelikse vergadering uitloting het R180 ingebring, en die TED praatjie op 24 Mei R76; 'n verdere R64 het van die Historiese Bergpasse Uitstappie op 14 Junie ingekom. Die fonds staan nou op R2,861.67. Die komitee oorweeg verskeie opsies vir verdere gebruik van die fonds ten bate van Jagersbosch, veral vir verbeterings in Die Waenhuis.

Vir 'n volle lys van alle bydraes, sien die 'Jagersbosch Fonds' blad op ons webtuiste: www.u3astilbaai.org. Ons bankdetails is op die webtuiste as iemand 'n donasie wil maak.

Lidmaatskap

Ons ledetal is nou 178; sewe nuwe lede het in Mei aangesluit. Welkom aan al ons nuwe lede.

Ledegeld vir 2017/18 kan nou betaal word – die bedrag bly R30 per persoon per jaar.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede.

- **Stapgroepe** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Cheryl op cheryl@kmintsa.co.za.
- **Historiese Toere** : Daar sal geen historiese Stilbaai toere wees vir die volgende paar maande nie; Hella is weg vir 'n tydjie, maar met haar terugkeer sal ons weer begin beplan.
- **Kookkuns** : Reinette neem 'n breuk, die kookkuns kursus sal mettertyd weer begin.
- **Voëlkyk vir beginners** : Die huidige kursus het begin en is reeds vol. Daar sal weer kursusse wees, ons sal u op hoogte hou.
- **Leunstoel Reise** : Die Leunstoel Reise byeenkomste is uitgestel tot later in die jaar. Die beplande dag en tyd was nie geskik vir baie lede wat belang gestel het nie. Ons gaan wag tot die weer bietjie warmer is sal julle dan laat weet wanneer ons gaan begin.

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: info@u3astilbaai.org.

TED PRAATJIE : "EMPOWERED BY EMOTIONAL SYSTEMS"

Woensdag, 28 Junie 2017 om 09h30; Die Waenhuis, Jagersbosch.

Die tweede TED Praatjie oor die wetenskap van emosies wat deur Jenni Sharkey fasiliteer word is Prof. Mark Solms se "Empowered by Emotional Systems (Emotional Intelligence)".

Lawrence Barltrop koördineer die TED Praatjies; kontak hom asseblief op barltrop@vodamail.co.za as julle 'n interessante onderwerp het, of as julle 'n aanbieding oor 'n spesifieke onderwerp verlang.

TED is 'n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as 'n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidsbedryf en Ontwerp ("Technology, Entertainment & Design") vergader het; vandag dek dit alle vakgebiede – van die wetenskap tot die sake wêreld tot wêrelds-kwessies. Kry meer inligting by www.ted.com.

UITSTAPPIES

Die eerste uitstappie na die historiese passe in die Langeberg noord van Riversdal was op 14 Junie toe 16 mense 'n fasinerende dag geniet het met 'n reis deur die passe en 'n stop by die oudste plaas in die distrik, langs die pad is gesels oor die interessante geskiedenis van die area. Die volgende twee uitstappies is op 21 Junie en 12 Julie, en 'n spesiale uitstappie sal later vir ons lede van Kannaland plaasvind.

Die getal vir elke uitstappie word beperk tot ongeveer 16 mense, wat reis in 4 of 5 voertuie; as daar meer belangstelling is, reël ons nog uitstappies – epos ons asseblief by info@u3astilbaai.org.

KOMENDE PRAATJIES ...

Die program vir die maandelikse praatjies vir die volgende aantal maande is as volg; let wel dat dit mag verander weens onvoorsiene omstandighede:

- 31 Jul 2017: Petra Daneel vertel ons meer van Jagersbosch. Ons (hopelik baie kort) Algemene Jaarvergadering word net voor Petra se praatjie gehou.
- 28 Aug 2017: Antel van Deventer bespreek die sosiale eienskappe en uitdagings van leerders met outisme.
- 25 Sep 2017: Esmá Marnewick praat oor die skryf van reisbeskrywings ("travel writing").
- 30 Okt 2017: Anna Hattingh praat oor "Living Wills".

U3A Stilbaai verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.

BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING : WWW.U3ASTILBAAI.ORG